BIO: STEPHAN JOUBERT

My grootste vreugde is om die Here lief te hê en om mense in en rondom die kerk op vars nuwe maniere te dien. Die aardse liefde van my lewe is my fenomenale vrou, Marietjie, asook my twee dogters, Elani en Tarien, en my skoonseuns Pierre en Nelius. Ek is 'n voltydse student van die Bybel, asook van mense, goeie boeke en sommer net van die lewe self.

My daaglikse leef-en speelruimte begin by *ekerk*, 'n virtuele en praktiese geloofsgemeenskap wat mense regoor die aarde deur 'n digitale bediening en grondvat noodprojekte inspireer. Tussendeur is ek verbind as deeltydse leraar aan Pierre van Ryneveld Gemeente. Ook is ek met opleiding en prediking betrokke by 'n paar ander gemeentes, insluitende Mosaiek; Kerksondermure, en Moreletapark. Hiermee saam is ek ook 'n semi-voltydse Buitengewone Professor in Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat en die Universiteit van Noordwes, asook 'n Navorsingsgenoot ("Research Fellow") in Teologie aan die Radboud Universiteit te Nijmegen in Nederland waar ek jaarliks klasgee. Ook is ek verbonde aan Perth Bible College.

As skrywer is dit 'n groot vreugde om vanaf Dinsdae tot Saterdae in die Afrikaanse koerant *Beeld* 'n rubriek genaamd "Goeie Nuus" te hanteer, asook 'n maandelikse rubriek in JUIG, 'n Christelike tydskrif. *Die Boodskap*, 'n eietydse vertaling van die Bybel saam met Jan van der Watt, is een van die mylpale in my lewe. In 2010 is die Andrew Murray prys toegeken vir een van my boeke getiteld: *Jesus: 'n Radikale Sprong*. Meer as 60 Afrikaanse boeke; drie Engelse geestelike boeke, twee akademiese boeke in Duitsland en kort duskant 50 relatief vervelige artikels in akademiese tydskrifte het ook reeds die lig gesien. Maar die grootste lekkerte van my lewe is steeds om die Here te volg en om te sien hoe Hy mense se lewens om elke hoek en draai met sy goedheid aanraak.